

uitgawe
#019

-TALIG



NUUSBRIEF VAN DIE ATKV SE TAALAFDELING | JANUARIE 2017



@ATKVSA



facebook.com/ATKVSA



youtube.com/ATKVBemarking



www.atkv.org.za

REDAKSIONEEL

'n Taalonderwyser bly iemand wat 'n groot indruk op sy leerlinge maak. Dis by uitstek die persoon wat help om 'n liefde vir die taal te kweek. Dis die man of vrou wat die kind in die wêreld van poësie en letterkunde inlei en hom/haar 'n liefde vir die taalkunde in al sy fasette laat ontwikkel. Reeds op skool help hy/sy brei aan kinders se vermoë om hul skryftalent te ontwikkel. Ook word daar aan die kind iets gegee wat lewenslank 'n bate is: om te kan lees en skryf – met begrip en ook net vir die genot daarvan. Dis veral laasgenoemde twee dinge wat mense aan nuwe wêreld blootstel. Wat meer kan jy vir 'n kind gee as 'n gebalanseerde, kritiese gees en die vermoë om sy/ haar leefwêreld deur die medium van lees en skryf te ondek, te analiseer en hom/haar

daarin uit te druk?

Die taalafdeling gaan weer vanjaar, soos in die verlede, landwyd konsentreer op ondersteuning van hierdie Afrikaanse taalonderwysers. Ons doen dit onder meer deur middel van werksinkels waar kundiges oor al die aspekte van taalonderrig leiding aan onderwysers gee. Ons nooi dus alle Afrikaansonderwysers om gedurende 2017 van ons dienste by die taalafdeling gebruik te maak. Kyk gerus na ons webwerf by www.atkv.co.za en klik op TAAAL waar u al die besonderhede van ons taal- en ander projekte sal vind.

'n Opwindende Afrikaanse taaljaar toegewens aan die baanbrekers van ons taal, ons Afrikaansonderwysers.

E.D. FERREIRA

BELANGRIKE DATUMS

11 Februarie 2017

ATKV-Skitter-in-Afrikaans (laerskool): Wes-Kaap

17 en 18 Februarie 2017

20e LOK-simposium. Die simposium is gemik op onderwysers in die Wes-Kaap wat Afrikaans as vak aanbied.

15 Februarie 2017

ATKV-Senior Olimpiade: inskrywings sluit. Lees meer:

www.atkv.org.za/Taal/Projekte/Taalolimpiade

21 Februarie 2017

ATKV-#MyTaal: internasionale moedertaaldag. Lees meer:

www.atkv.org.za/Taal/Projekte/Moedertaalonderrig

24 Februarie 2017

ATKV-Spelathon: inskrywings sluit.

Lees meer: www.atkv.org.za/Taal/Projekte/Spelathon

3 Maart 2017

ATKV-Talethon: inskrywings sluit. Lees meer:

www.atkv.org.za/Taal/Projekte/Talethon

4 Maart 2017

ATKV-Skitter-in-Afrikaans: Leeuwenhof Akademie (Bedfordview)

11 Maart 2017

ATKV-Skitter-in-Afrikaans: Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

17 Maart 2017

ATKV-Skryfwerkswinkel: Pella

24 Maart 2017

ATKV-Spelathon: skole stuur name



WAT gaan vir WAT?

Woordeboek van die Afrikaanse Taal



Vir hierdie uitgawe deel die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* 'n paar minder bekende woorde wat onlangs toegevoeg is tot die *Aanlyn WAT* met die lesers.

skelm in die derm (*streektaal; ongewoon*) Wat uiterlik vroom, maar in werklikheid skelm en agterbaks is. (Opgeteken in G.W.).

petrolkop s.nw., petrolkoppe. (*dikw. skertsend*) Iem. wat baie entoesiasies is oor motors of voertuie, veral dié wat van binnebrandenjins gebruik maak en wat veral van petrol as brandstof gebruik maak: *Terwyl die ikoniese Nürburgring met sy 20,8 km lange roete en 180 draaie die lakmoestoets vir enige sportmotor en 'n mitiese pelgrimstog vir menige petrolkop geword het, het dit al hoe meer skuld en al hoe minder wins gemaak* (Burg., 28 Apr. 2016, E).

petrichor s.nw. (<Gr. *petra*, "rots" en *ichor*, "vloeistof wat i.d. are v.d. gode vloei") Kenmerkende reuk wat vrygestel word nadat reën op droë grond geval het.

komvandaan s.nw. (*geselstaal*) Plek waar iem. gebore is of grootgeword het: *Een of ander tyd móés dit kom. Dat ek sou afskeid neem van my komvandaan* (Rapport, 29 Mei 2005, 22).

DR. W.F. BOTHA

Die gort is gaar!



Die ATKV-bekroonde spotprenttekenaar, Fred Mouton, steek die draak met die invloed wat Engels op Afrikaanse uitdrukkings het. Mense praat deesdae van *die vet is in die vuur* in plaas van **die gort is gaar**. In Anton F. Prinsloo se boek, *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*, beteken die uitdrukking dat daar moeilikheid is. “’n Figuurlike vergelyking met ’n mens se gemoed wat in ongeduld begin kook totdat jy uitbars.”

Mandie Human is onlangs by die ATKV-taalafdeling as hulp-organiseerder aangestel en -TALIG stel haar graag aan die lesers voor.

Mandie is ’n boorling van Alberton waar sy in Laerskool Randhart was en aan Hoërskool Marais Viljoen matrikuleer. As leerling was sy al baie betrokke by alle kultuuraktiwiteite. Afrikaans was al van jongs af ’n baie groot passie van haar en sy skryf dit aan haar oma toe. Haar oma was eers ’n graad 1-onderwyseres en het later vir matrieks Afrikaans gegee. Mandie is baie lief vir lees en kon al van ’n vroeë ouderdom af lees. Nou kry sy by die ATKV kans om op ’n daaglikse basis met boeke en Afrikaans te werk!

Mandie het haar studentelewe in Januarie 2013 begin en het BA Geesteswetenskappe (Afrikaans en Nederlands en Psigologie) studeer aan die Noordwes-Universiteit op Potchefstroom. Sy het verlede jaar haar honneurs in Afrikaans en Nederlands voltooi en begin vanjaar met haar deeltydse MA-studie in Afrikaanse Literatuur- en Taalstudie.

As student was sy bevoorreg om gekeur te word om as deel van die Jongerenprojek die Lae Lande te besoek.

Sy wou aanvanklik drama studeer op Tukkie, maar die onsekerheid oor werk in die toekoms het haar van plan laat verander. Sy is nie ’n dag spyt oor haar keuse nie en is dankbaar teenoor die Here vir geleenthede en mense op haar pad en dat sy nou haar passie by die ATKV kan uitleef.



HOE GOED IS JOU DERDE TAAL?

In die vorige aflewering van die -TALIG het jy al ’n paar uitdrukkings in Setswana en isiZulu geleer. In hierdie aflewering leer ons hoe om dankie te sê.

isiZulu

Ngiyabonga. – Ek sê dankie.
Siyabonga. – Ons sê dankie.

Setswana

Ke a leboga. – Ek sê dankie.
Re a leboga – Ons sê dankie.

Uitspraakgids: Afrikatale, soos Afrikaans, is fonetiese tale. Lees die woorde soos wat jy Afrikaans sal lees, maar let net op die volgende: *i* word as *ie* uitgespreek en die *y* klink soos ’n *j*.

KARIEN BRITS



Plakkate te koop

As daar nou iets is waarvan elke taalonderwyser hou, is dit plakkate vir hulle klaskamers. Die ATKV-taalafdeling het al ’n paar plakkate ontwikkel wat by werksinkels en by die ATKV-hoofkantoor in Randburg te koop is. Die plakkate kos R30 elk en daar is voorbeelde op die web by <https://www.atkv.org.za/Taal/Galery/ID/67/MyTaal-is-waar-ek-hoort> beskikbaar.

Skakel gerus vir Rozeldi Trollip by RozeldiT@atkv.org.za of 011 919 9006 vir meer inligting.